



## AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

SONDAG 21 JULIE 2024

### NEGENDE SONDAG VAN KONINKRYKSTYD

### GEMEENTE DAGBOEK

#### GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

#### *Paarlskool*

#### LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

Johannes 6:1-21; 2 Samuel 11:1-15;

Psalm 14; Efesiërs 3:14-21

#### SONDAG, 21 JULIE

09:00 Oggenddiens  
JEUGDIENS  
Kleuterkerk en Kinderkerk  
Deuroffer ten bate van: Paarl-skool  
Erediensspan 3 – Neels Kruger

- **Senior Kategese** na afloop van die oggenddiens
- **Gemeentetee** na afloop van die oggenddiens

#### MAANDAG, 22 JULIE

18:00 Kooroefening  
19:00 Sportmanne Bybelstudie  
19:00 Vroue Bybelstudie

#### DINSDAG, 23 JULIE

09:30 Senior Burger Bybelstudie

#### WOENSDAG, 24 JULIE

09:30 Vroue Bybelstudie  
09:30 Othello Bybelstudie

#### DONDERDAG, 25 JULIE

09:30 Dienssentrum vir Seniors: Moedergemeente kerksaal

Sopbeurte: Jorina Botha, Riana Fick, Corra Kitshoff, Miemie Myburgh,  
Ina van Niekerk, Ronel Williams

## VRYDAG, 26 JULIE

09:00 Gebedsbyeenkoms in Moederskamer

## SATERDAG, 27 JULIE

## SONDAG, 28 JULIE

### TIENDE SONDAG VAN KONINKRYKSTYD POSDAG DANKBAARHEIDSONDAG

09:00 Oggenddiens  
NAGMAAL  
Kleuterkerk en Kinderkerk  
Deuroffer ten bate van: BADISA  
Erediensspan 4 – Robert Rootman

- **Senior Kategese** na afloop van die oggenddiens  
**GEEN Gemeentetee**

## GEMEENTENUUS

1. Jacques en Anél Schreuder (Brackenfell) het onlangs 'n babadogtertjie ryker geword. Baie geluk ook aan die grootouers, André en Bertha Schreuder, en Koos en Karien Crouse.
2. Ingrid Lesch (Keurboom Villas, voorheen Sarphati Park) is oorlede.
3. Meyer van der Walt (Othello) ondergaan in die week 'n operasie.
4. Elize Booyens (Othello) word ook die komende week geopereer.
5. Deon en Hilana Lambert (Bosmanstraat) se dogter, Rachel het haar WP kleure verwerf in bergfietsry.



## VERSOEK I.V.M. GEMEENTENUUS

Indien jy bewus is van gemeentede wat siek is, of gehospitaliseer is of eersdaags hospitaal toe gaan, of geliefdes aan die dood afgestaan het, stel asseblief die kerkkantoor in kennis. Hulle sal op hul beurt die betrokke leraar kontak.

Kontak kerkkantoor by 021 903 3818 of [info@ngkeike.co.za](mailto:info@ngkeike.co.za) of [ngkeike@cybersmart.co.za](mailto:ngkeike@cybersmart.co.za)

## VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

- 21/07 Frans van Niekerk(80), Mareé Lerm  
22/07 Adrian Deutschmann, Rikus Labuschagne, Corné Janse van Rensburg,  
Ingrid Maartens(92), Cecilia Olivier, Nicola Haynes, Tienie Terblanche(82)  
23/07 Henty Wickens, Wilma Matthee, Dirk Brink, Estelle Moore,  
Janneke Botha, Melinda Kitshoff  
25/07 Cassie Carstens, Jacques Wilders, Stanley Hill, Eddie Theron,  
Loamie Olivier(80), Jaco Kitshoff  
26/07 Gert Botha, Ruben van der Merwe  
27/07 Carlo Hill, Betsie Heyns(85), Morné de Wet, Elsa Welman,  
Nadia Hanekom, Amanda Kaltwasser, Natasha-Lee Marais



## VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

### PAARL-SKOOL

Die Paarl Skool vir neuraal gestremde kinders is in Brackenfell geleë. Kinders met serebraal-, fisiese en leerafwykings, outistiese kinders en kinders wat in motorongelukke beseer is, kom na Paarl-skool. Met die hulp van spraak-, arbeids- en fisioterapeute en sielkundiges, 'n verpleegsuster en spesiaal opgeleide onderwysers word elke kind geëvalueer en kry individuele aandag volgens hul onderskeie behoeftes. Spesiaal aangepaste busse vervoer daagliks leerders na en van die skool vanaf so ver as Wellington, Paarl, Stellenbosch en Gordonsbaai. Gesamentlik reis hulle ongeveer 1500 km per dag. 'n Aantal leerders bly in die skool se koshuis.

Alhoewel die skool die normale kurrikulum van die Onderwysdepartement volg, word gespesialiseerde toerusting soos rystoele, opvoedkundige programme en spesiale rekenaars gebruik. Gemeentes se ondersteuning word opreg waardeer.

## ROLSTOELE



Neem asseblief kennis dat die rolstoel in die portaal by die hoofingang, asook in die glasportaal beskikbaar is vir gebruik by die kerk. U is welkom om dit te benut indien nodig.

## SENIOR KATEGESE

Ons Senior Kategese verkoop swart vullissakke vir fondsinsameling ten bate van Jeug projekte.

Elke huishouding gebruik swart vullissakke en ons kwaliteit is baie goed. Dis sterker (40mic) teenoor die winkel (18-20mic) se sakke.

20sakke @ R50

10sakke @ R25

Kontak die kerkkantoor indien jy belangstel.



## GEBRAAIDE SNOEK ETES TE KOOP

Kuilsrivier-Suid en VGK Sarepta hou gesamentlik 'n SNOEKBRAAI op Saterdag 27 Julie 2024 by Suidgemeente.

Kaartjies hiervoor is teen R100 beskikbaar by hulle aanlynwinkel op [www.suidkerk.org.za](http://www.suidkerk.org.za) of by hul koffiewinkel, Cup of Life. Ete sluit in 'n groot porsie snoek, patat en roosterkoek en kan vanaf 13:00 by Cup of Life afgehaal word.

## DE EIKE VROUESONDAG

De Eike vier vanjaar **Vrouesondag** op 18 Augustus. Die prediker by die geleentheid gaan ds. Janine Williams wees, ou bekende op ons kansel.

Die jaarlikse **Vrouedankofferinsameling** vind ook op daardie dag plaas. Koeverte is verlede Sondag by die deure uitgedeel. Indien jy nie 'n koevert gekry het nie, neem gerus self vir jou een. Dit is beskikbaar in die boksies waarin die aankondiging geplaas word.

## VROUE WAT GLO *RETREAT*

Saterdag 17 Augustus 2024 by NG Kerk Vredelust, Bellville

Tema: #VroliekEnBly

Sprekers sluit in Wanda Bam, Benescke Janse van Rensburg en Karien Basson.

Om kaartjies te koop of vir meer inligting, besoek die webwerf [www.voelgoed.co.za/vroue-wat-glo](http://www.voelgoed.co.za/vroue-wat-glo)

# SOP EN SOETES 2024



Kom geniet 'n gemeentekuiers in die kerksaal, 18:00 op 3 Augustus 2024, rondom 'n heerlike koppie sop en 'n broodjie en moenie vergeet van 'n glasie soetwyn nie. Met lekker gesels en samesyn dryf ons sommer gou die winterkoue uit.

Kinders is ook welkom, daar gaan vir hulle 'n film in die konsistorie gewys word en hulle gaan springmielies kry. Kinders bring gerus vir jou 'n kombars en jou kussing en geniet die film saam.

Kaartjies te koop na die erediens in die saal of by Jannie Nieuwoudt - 072 386 0935.

R20 - Per volwassene

R10 - Per kind onder 12

Nooi jou familie en vriende en kom geniet die aand saam met ons.

# KINDERKERK KONSERT

**KNOOP DIE DATUM VAS ~ 30 AUGUSTUS 2024**

Welkom De Eike!

Ons hou partytjie.

Trek aan jul dansskoene

De Eike is nommer een

Ons gaan nou feesvier

Ons klap ons hande

Ons dank ons Vader, want

**Die Kinderkerk is 10 jaar jonk!!!**

**Kaartjies is binnekort beskikbaar @ R100 volwassenes, R50 skoolgaande kinders  
Gebakte poeding en vla ingesluit.**

**BRING JOU EIE PIEKNIKMANDJIE EN VERBEEL JOU JY IS BY DIE *BARNYARD!***

# BUITENGEWONE KERKRAADSVERGADERING

'n Buitengewone kerkraadsvergadering is belê vir Woensdag 31 Julie 2024 om 19:00 in die konsistorie.

Die doel van die vergadering is om 'n kortlys van kandidate saam te stel en aan die kerkraad voor te lê. Daar sal ook besin word oor die proses vorentoe.

## GREEN PARK SÊ DANKIE

Baie dankie aan almal wat reageer het op Elsabé Marais se versoek om uit te reik na Green Park en sop daar te gaan bedien.

De Eike se reaksie was oorweldigend.

Baie dankie vir elke bydrae, hetsy sop, brood, finansiële hulp, raad en advies en hulp. Dit word opreg waardeer.

## POTJIEKOS KOMPETISIE EN ETE

Vanweë die weer en reën, was ons genoodsaak om die potjiekos kompetisie en ete uit te stel na Saterdag 7 September. Die Springbokke speel dan teen die All Blacks, so ons gaan steeds saamkuier in die kerksaal en die rugby op die groot skerm kyk.

Kaartjies wat vir 13 Julie gekoop is, sal steeds geldig wees op 7 September. Indien jy nie 7 September se geleentheid kan bywoon nie, is jy welkom om die kaartjies terug te bring en jou geld terug te ontvang. Kontak die kerkkantoor.

## VAKANTE POS

Die volgende vakante pos is tans in die kerk beskikbaar. Sien die kennisgewingbord in die voorportaal vir meer inligting of kontak die kerkkantoor.

- Sinode van Wes-Kaapland – Bestuurder Argief. Stellenbosch kantoor – sluitingsdatum 12 Augustus 2024.

## GRATIS BYBELS BESKIKBAAR

Tydens Pinkster is die bedrag van R11 575 ingesamel ten bate van Bybelverspreiding.

**Uit hierdie fondse is Afrikaans, Engels en Xhosa Bybels aangekoop wat in die kerkkantoor beskikbaar is. Kom haal gerus 'n Bybel vir iemand wat jy weet nie 'n Bybel in sy/haar eie taal het nie, bv jou huishulp, tuinier, die karwag, petroljoggie, ens.**

Die res van die fondse is geskenk aan die Bybelgenootskap van Suid-Afrika en die Gideons.